

## STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

### Lewende annuïteite binne die Fonds:

#### Vrae en antwoorde

In Julie 2015 het die Nasioenale Tesourie konsepregulasies uitgereik oor verstekstrategieë wat deur alle fondse toegepas moet word. Die finale regulasies was uitgereik effektief 1 September 2017 en vanaf 1 Maart 2019 moet alle aftreefondse 'n verstekstrategie met betrekking tot annuïteite vir afgetrede lede hê. Die Raad van Trustees van die Stellenbosch Universiteit Aftredefonds (die Fonds) het hierdie vereistes vooruitgehoop en besluit om vanaf 1 Januarie 2017 kostedoeltreffende lewende annuïteite binne die Fonds bekend te stel wat breedweg voldoen aan die verstek regulasies. Nadat die finale regulasies rakende die onttrekkingskoerse gepubliseer is, sal die Raad die struktuur hersien en wysig om aan die finale regulasies te voldoen. Die Fonds se annuïteitstrategie stel u in staat om maklik u aftreevoordeel of 'n gedeelte daarvan, om te skakel in 'n baie koste-effektiewe maandelikse pensioen uit die Fonds. Die Fonds bied 'n **Trustees se Verstek-opsie** en 'n **Pasgemaakte opsie** aan.

Die volgende vrae en antwoorde verskaf grotendeels die inligting wat u benodig:

#### 1. **Wat is die verskil tussen die Verstek- en die Pasgemaakte annuïteitsopsies?**

Die ontwerp van die **Trustees se Verstek-opsie** is gegrond op die konsepregulasies wat in Julie 2015 deur die Nasioenale Tesourie uitgereik is. Hierdie opsie is kostedoeltreffend, maklik om te administreer en te kommunikeer en vereis baie min moeite van u, die afgetrede lid. Dit is ook daarop gemik om volhoubaar te wees, d.w.s. om te verseker dat u kapitaal nie gedurende u aftrede opraak nie en voldoen aan die regulasies. Die beleggingstrategie word as gematig omskryf en is daarop gemik om risiko en die wisselvalligheid van beleggingsopbrengste te beheer. U kan 'n vaste persentasie van die aftrekekapitaal as 'n maandelikse pensioen onttrek. Hierdie persentasie verander outomaties elke 5 jaar op die verjaardag van u aftrede (op ouderdom 65, 70, 75, ens.).

Die **Pasgemaakte opsie** bied buigsaamheid aan afgetrede lede. U kan in enige kombinasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes (Groeï, Kapitaalbeskerming, Aggressiewe Absolute Opbrengs, Konserwatiewe Absolute Opbrengs en Verskansing teen Rentekoersskommeling) belê. U kan ook in die Ou Mutual Shari'ah portefeulje belê. U kan ook 'n onttrekkingskoers, binne die perke van toepassing op u ouderdomsgroep, kies. Die onttrekkingskoers word uitgedruk as 'n persentasie, wat u jaarliks op die verjaardag van u aftrede kan verander.

**2. Kan ek van die Verstek- na die Pasgemaakte opsie en omgekeerd omskakel?**

Ja, u kan. Die opsie kan te eniger tyd uitgeoefen word, alhoewel die onttrekkingskoers slegs jaarliks op die verjaardag van u aftrede mag verander. 'n Skriftelike instruksie van die omskakeling moet deur die administrateur, nie later as een maand voor die verjaardag van u aftrede, ontvang word.

**3. Watter beleggingsopsies is beskikbaar as ek die Trustees se Verstek-opsie kies en wanneer tree dit in werking?**

Wanneer u die **Trustees se Verstek-opsie** kies, hoef u nie enige bepaalde beleggingskeuse te doen nie. U pensioen word elke jaar herbereken in die maand wat volg op die verjaardag van u aftrede.

**4. Watter beleggingsopsies is beskikbaar as ek die Pasgemaakte opsie kies en wanneer tree dit in werking?**

Indien u die **Pasgemaakte opsie** gekies het wanneer u u lewende annuïteit binne die Fonds gekoop het of van die **Trustees se Verstek-opsie** na die **Pasgemaakte opsie** omskakel het, het u heelwat buigsaamheid wat beleggingsportefeuljes betref.

U kan u belegging tussen die Fonds se Groei-, Kapitaalbeskermings-, Aggressiewe Absolute Opbrengs-, Konserwatiewe Absolute Opbrengs- en Verskansing teen Rentekoersskommeling-portefeulje verdeel. U kan ook in die Ou Mutual Shari'ah portefeulje belê.

- U kan hierdie beleggingsopdrag so dikwels as wat u wil, verander.
- U kan een keer per jaar op die verjaardag van u aftrede u onttrekkingskoers (binne die perke van die **Pasgemaakte opsie**) verander.
- U kan 'n finansiële adviseur uit die Fonds se paneel van voorkeurdienverskaffers aanstel of u kan u eie finansiële adviseur aanstel. Die Fonds sal reël dat die adviseursgeld tot 'n maksimum van 0,50% (BTW ingesluit) per jaar, van u bates afgetrek word. Dit is egter nie verpligtend om 'n finansiële adviseur aan te stel nie.
- U kan in enige stadium u deelname aan die lewende annuïteit binne die Fonds beëindig en u oorblywende aftrekapitaal na 'n ander goedgekeurde aftree-instrument (bv. 'n ander lewende annuïteit of versekeringsmaatskappy) oordra.
- U kan op die verjaardag van u aftrede na die **Trustees se Verstek-opsie** omskakel.
- Indien u aftrekapitaalsaldo 'n sekere minimum bereik soos deur die wet bepaal, kan u versoek dat die volle oorblywende saldo as 'n enkelbedrag aan u uitbetaal word.

## 5. Hoeveel sal ek as 'n maandelikse pensioen ontvang?

Dit hang af van die persentasie van u aftrekapitaal wat u elke maand onttrek. Hierdie persentasie staan ook bekend as die onttrekkingskoers.

Tabel 1 sit die onttrekkingskoerse uiteen wat op elke beleggingsopsie van toepassing is, uitgedruk as 'n persentasie (%) van beleggingsbates.

**Tabel 1: Onttrekkingskoerse per annuïteitopsie, as 'n persentasie van beleggingsbates**

Ouderdomsgroep	Trustees se Verstek-opsie-onttrekkingskoers vir mans	Trustees se Verstek-opsie-onttrekkingskoers vir vrouens	Pasgemaakte opsie se onttrekkingskoers vir mans en vrouens
55 tot 59	4,0%	3,5%	2,5% tot 7,0%
60 tot 64	4,4%	3,8%	2,5% tot 8,0%
65 tot 69	4,9%	4,2%	2,5% tot 9,0%
70 tot 74	5,6%	4,7%	2,5% tot 10,0%
75 tot 79	6,3%	5,2%	2,5% tot 12,0%
80 tot 84	7,3%	5,8%	2,5% tot 15,0%
85 en ouer	8,7%	7,0%	2,5% tot 17,5%

\* Die onttrekkingskoers vir vrouens is laer omdat vrouens se lewensverwagting langer as dié van mans is.

- As jy 'n man is en die **Trustees se Verstek-opsie** kies, word die persentasie gespesifiseer en outomaties elke vyf jaar verhoog (op ouderdom 65, 70, 75, ens.). Die nuwe onttrekkingskoers tree in werking op die eerste van die maand wat volg op die verjaardag van u aftrede.

*Voorbeeld:* U is 'n man en tree op ouderdom 65 af met aftrekapitaal van R2 000 000. U kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oor te dra. In die geval van die **Trustees se Verstek-opsie** begin u met 'n maandelikse pensioen van R8 166.67 (d.w.s. 4,9% van kapitaal word maandeliks uitbetaal).

*Voorbeeld:* U is 'n vrou en tree op ouderdom 65 af met aftrekapitaal van R2 000 000. U kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oor te dra. In die geval van die **Trustees se Verstek-opsie** begin u met 'n maandelikse pensioen van R7 000 (d.w.s. 4,2% van kapitaal word maandeliks uitbetaal).

- Indien u die **Pasgemaakte opsie** kies, kan u u eie persentasie kies uit 'n reeks wat op u ouderdomsgroep van toepassing is. U kan u onttrekkingskoers een keer per jaar op die verjaardag van u aftrede verander.

*Voorbeeld:* U tree op ouderdom 65 af met aftreekapitaal van R2 000 000 en dra die volle bedrag oor na die Fonds se lewende-annuïteitepoel. In die geval van die **Pasgemaakte opsie** kan u tussen 2,5% en 9% van u aftreekapitaal as 'n maandelikse pensioen kies. Dit beteken dat u aanvangspensioen tussen R4 167 en R15 000 per maand kan wees.

## 6. **Wat is die koste as ek die lewende annuïteit binne die Fonds kies?**

U fondskrediet wat met u aftrede na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oorgedra word, word in beleggingsportefeuljes vir institusionele beleggers belê. Dit beteken dat die beleggingsbestuursgelde baie gunstig is – die gelde word vir 'n fonds gehef en nie vir 'n individuele lid nie. Die beleggingsgelde vir die **Trustees se Verstek-opsie** is ongeveer 1,00% (BTW ingesluit) per jaar van u fondskrediet.

Die administrasiegeld beloop 0,10% (BTW ingesluit) per jaar van u bates, beperk tot 'n batewaarde van R4 000 000.

U het die opsie om finansiële advies van een van die Fonds se voorkeurdienverskaffers in te win. Die maksimum geld wat die Fonds namens die adviseur aftrek, is 0,50% (BTW ingesluit) per jaar van u bates.

Tabel 2 toon die kostestruktuur van die **Trustees se Verstek-opsie** aan. Die totale basiese gelde word as 'n persentasie (%) van die beleggingsbates uitgedruk.

**Tabel 2: Geldestruktuur van die Trustees se Verstek-opsie**

Belegde bates	Maandelikse administrasiegeld (BTW ingesluit)	Maandelikse beleggingsgeld (BTW ingesluit)	Maksimum maandelikse finansiële adviesgeld (BTW ingesluit)	Maksimum totale basiese gelde (per jaar, BTW ingesluit)	Maksimum totale basiese gelde uitgesonderd finansiële advies (per jaar, BTW ingesluit)
R1 000 000	R 84	R 833	R 417	1.60%	1.10%
R2 000 000	R167	R1 667	R 833	1.60%	1.10%
R4 000 000	R333	R3 333	R1 667	1.60%	1.10%
R5 000 000	R333	R4 167	R2 083	1.58%	1.08%
R6 000 000	R333	R5 000	R2 500	1.57%	1.07%

**7. As 'n annuïtant binne die Fonds, waar word my aftreekapitaal belê?**

- As u die **Trustees se Verstek-opsie** gekies het, word u kapitaal in 'n 50/50-kombinasie van 'n aggressiewe en 'n konserwatiewe absolute opbrengs multibestuurde portefeulje belê. U maandelikse inkomste en die operasionele uitgawes word proporsioneel uit die twee portefeuljes betaal.
- As u die **Pasgemaakte opsie** gekies het, kan u kies waar u aftreekapitaal belê moet word, m.a.w. u kan enige kombinasie van die volgende portefeuljes kies:
  - Groeiportefeulje;
  - Kapitaalbeskermingsportefeulje;
  - Aggressiewe Absolute Opbrengs-portefeulje;
  - Konserwatiewe Absolute Opbrengs-portefeulje; en
  - Verskansing teen Rentekoersskommeling-portefeulje.

U kan ook in die Ou Mutual Shari'ah portefeulje belê.

U kan ook kies uit watter portefeulje u maandelikse inkomste en operasionele uitgawes betaal moet word.

Inligtingsblaaie oor bogenoemde portefeuljes sal op die Fonds se portaal by [www.retirementfundweb.co.za](http://www.retirementfundweb.co.za) beskikbaar gestel word.

**8. Kan ek my beleggingskeuses verander en, indien wel, hoe dikwels?**

Indien u die **Trustees se Verstek-opsie** gekies het, kan u nie tussen beleggingsopsies omskakel nie.

Indien u die **Pasgemaakte opsie** gekies het, kan u in enige kombinasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes (Groei, Kapitaalbeskerming, Aggressiewe Absolute Opbrengs, Konserwatiewe Absolute Opbrengs en Verskansing teen Rentekoersskommeling) of die Ou Mutual Shari'ah belê. U kan ook so dikwels as wat u wil tussen hierdie vyf opsies omskakel.

'n Omskakelingsfooi word vanaf die 2de beleggingsomskakeling in 'n fondsjaar (1 Januarie tot 31 Desember) gehef. Die omskakelingsfooi is R600 (BTW ingesluit) (Maart 2022) en word elke jaar hersien. Dit word uit u bates in die Fonds betaal.

**9. Kan ek geld van ander aftree-instrumente (bv. van 'n private uittree-annuïteit) na my lewende annuïteit binne die Fonds oordra?**

Nee, net die aftreevoordeel voortspruitend uit die Fonds kan na die lewende annuïteit binne die Fonds oorgedra word. Lede van die Fonds kan egter ander goedgekeurde fondsgelde (bv. uit 'n bewaringsfonds) in die Fonds konsolideer voordat hulle aftree.

**10. Op watter datum word my pensioen betaal?**

U maandelikse pensioen word op die 25ste van elke maand betaal. Let asseblief daarop dat u teen ongeveer 'n maand voor u aftreedatum al die nodige dokumente aan die fondsadministrateur moet stuur om te verseker dat u eerste maandelikse pensioen teen die 25ste van die maand ná u aftrede betaal kan word. Indien die dokumente nie betyds ontvang word nie, kan u eerste maandelikse pensioen slegs in die tweede maand ná u aftrede betaal word.

**11. Kry ek elke jaar 'n pensioenverhoging?**

'n Lewende annuïteit betaal 'n persentasie van u aftreekapitaal as 'n maandelikse pensioen. Die bedrag word vir 'n tydperk van 12-maande vasgestel voordat dit hersien word ooreenkomstig die onttrekkingskoers wat u gekies het en die kapitaal wat beskikbaar is.

*Voorbeeld:* 'n Manlike lid tree op ouderdom 65 af met aftreekapitaal van R2 000 000 en kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oor te dra. Die lid het die onttrekkingskoers van die **Trustees se Verstek-opsie** gekies. Die afgetrede lid begin met 'n onttrekking van 4,9% van sy kapitaal in die eerste jaar (R8 166 per maand). Die onttrekking word deur die opbrengs op die beleggingskapitaal befonds. Indien die beleggingsopbrengs gedurende daardie jaar 10% is, beteken dit dat die aftreekapitaal in die lewende-annuïteitepoel aan die einde van daardie jaar R2 102 000 sal beloop. Gedurende die volgende jaar (d.w.s. ouderdom 66) sal die maandelikse pensioen R8 583.17 wees, d.w.s. 4,9% van R2 102 000.

**Dit beteken dat die verskil tussen die onttrekkingskoers en die beleggingsopbrengs wat verdien is die volgende jaar se verhoging sal wees – in dié geval  $10\% - 4,9\% = 5,1\%$ .**

Die uitwerking van inflasie moet ook in ag geneem word. As inflasie gedurende die eerste jaar 5% was, beteken dit dat die verhoging (van 5,1%) gelykstaande is aan 102% van inflasie.

**Dit is belangrik om te verstaan dat 'n negatiewe verhoging ook moontlik is, d.w.s. wanneer die voorafgaande jaar se onttrekkingskoers hoër was as die beleggingsopbrengs wat gedurende dieselfde tydperk verdien is, sou die oorblywende kapitaal deur die onttrekkings verminder word in plaas van te vermeerder.**

*Voorbeeld:* 'n Manlike lid tree op ouderdom 65 af met aftreekapitaal van R2 000 000 en kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oor te dra. Die lid het die onttrekkingskoers van die **Trustees se Verstek-opsie** gekies. Die afgetrede lid begin met 'n onttrekking van 4,9% van sy kapitaal in die eerste jaar (R8 166 per maand). Die onttrekking word deur die opbrengs op die beleggingskapitaal befonds. Indien die beleggingsopbrengs gedurende daardie jaar 3% is, beteken dit dat die aftreekapitaal in die lewende-annuïteitepoel aan die einde van daardie jaar R1 962 000 sal beloop. Gedurende die volgende jaar (d.w.s. ouderdom 66) sal die maandelikse pensioen R8 011.50 wees, d.w.s. 4,9% van R1 962 000.

**12. Op watter datum verander my maandelikse pensioen?**

In die geval van die **Trustees se Verstek-opsie** verander u pensioen in die maand wat volg op die verjaardag van u aftrede.

In die geval van die **Pasgemaakte opsie** kan u u onttrekkingskoers op die verjaardag van u aftrede verander. Die kapitaalwaarde en u onttrekkingskoers bepaal hoeveel u per maand ontvang.

**13. Wat is die minimum bedrag wat in die lewende annuïteit binne die Fonds “belê” kan word?**

Die minimum bedrag wat in die lewende annuïteit binne die Fonds belê kan word, is R247 500.

Die Raad van Trustees sal van tyd tot tyd die minimum hersien.

**14. Betaal ek inkomstebelasting op daardie deel van my aftreefondskapitaal wat ek na die Fonds se lewende-annuïteitepoel oordra?**

Nee, die oordrag na die Fonds se lewende-annuïteitepoel is 'n belastingvrye transaksie.

**15. Betaal ek inkomstebelasting op die inkomste wat ek uit die lewende annuïteit binne die Fonds ontvang?**

Ja, dit is belasbare inkomste soos enige ander pensioen.

**16. Hoe weet ek my aftreekapitaal sal nie opraak nie?**

Die onttrekkingskoers van die **Trustees se Verstek-opsie** word vasgestel op 'n vlak wat bedoel is om dit te verhoed (bv. 4,9% vir mans en 4,2% vir vrouens op ouderdom 65, wat elke vyf jaar verhoog word (op ouderdom 65, 70, 75, ens.)). Wat belangriker is, is dat die kapitaal belê word in 'n portefeuljestratuur wat daarop gemik is om reële beleggingsopbrengste te verdien.

**Alhoewel die onttrekkingskoerse van die Pasgemaakte opsie ook daarop gemik is om te verhoed dat u kapitaal opraak, is hierdie risiko groter in die geval van die Pasgemaakte opsie.**

Die Raad moet die volhoubaarheid van die pensioen van alle annuïtante binne die Fonds monitor. Indien die Fonds vind dat 'n annuïtant se aftreekapitaal kan opraak, moet die Fonds met die betrokke lid kommunikeer.

**17. Hoe weet ek my aftreekapitaal is veilig in die Fonds?**

Alle beleggings van die Fonds word deur die Wet op Pensioenfondse en Regulasie 28 in die besonder beheer. Aangesien die Fonds 'n vastebydraefonds is, bestee die Fonds se Trustees die meeste van hul tyd daaraan om die Fonds se beleggings na die beste van hul vermoë te bestuur. Dit sluit onder meer gereelde kommunikasie met lede in om hulle op hoogte van Fondsverwikkings te hou en hul verwagtinge te bestuur.

### **18. As 'n annuïtant binne die Fonds, wat gebeur wanneer ek sterf?**

Wanneer u te sterwe kom, word die waarde van u oorblywende aftreekapitaal betaalbaar. Hierdie betaling word deur Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse beheer en behels 'n formele betaling van die voordeel aan u afhanklikes en/of begunstigdes op 'n grondslag soos deur die Raad van Trustees bepaal.

U sal elke jaar versoek word om 'n vertroulike begunstigdenominasie-vorm in te vul en aan die Fonds terug te stuur. Op hierdie vorm dui u aan hoe u voordeel toegedeel moet word. Dit is belangrik om daarop te let dat die finale besluit by die Raad van Trustees berus.

Nadat die Trustees besluit het hoe u voordeel toegedeel sal word, kan u gade een of meer van die volgende opsies kies:

- die bedrag wat aan haar/hom toegedeel is as 'n enkelbedrag neem (onderhewig aan heersende belasting op enkelbedragvoordele);
- met die lewende annuïteit binne die Fonds voortgaan; of
- 'n kombinasie van bogenoemde twee opsies.

Toedelings aan ander afhanklikes kan as 'n enkelbedrag betaal, onderhewig aan belasting, of gebruik word om 'n annuïteit buite die Fonds aan te koop.

Die Fonds hef 'n fooi om die sosiaal-maatskaplike omstandighede van u afhanklikes en/of begunstigdes ten tyde van u dood vas te stel. Hierdie ondersoek word ingevolge Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse vereis. Die ondersoekfooi word van die oorblywende aftreekapitaal afgetrek en is gelykstaande aan die onkoste wat aangegaan is.

### **19. Kan ek my lewende annuïteit binne die Fonds staak?**

Ja, op voorwaarde dat die geld na 'n ander goedgekeurde pensioengewende medium ('n ander lewende annuïteit, versekeringsmaatskappy, ens.) oorgedra en die Fonds skadeloos gestel word.

Hierdie proses neem na verwagting minstens ses maande omdat die oordrag deur die Registrateur van Pensioenfondse goedgekeur moet word ingevolge Artikel 14 van die Wet op Pensioenfondse. Die oorblywende aftreekapitaal kan net oorgedra word wanneer die Registrateur sy goedkeuring daarvoor verleen het. Terwyl op goedkeuring gewag word, gaan die Fonds voort om u maandelikse pensioen aan u te betaal.

Twee verskillende foos is betaalbaar wanneer 'n lid besluit om die lewende annuïteit binne die Fonds te staak:

- Die Fonds hef 'n fooi vir die opstel van 'n formele versoek om aan die lewende annuïteit binne die Fonds te onttrek en vir die voorlegging daarvan aan die Registrateur. Hierdie fooi word afgetrek van die oorblywende aftreekapitaal wat uit die Fonds oorgedra moet word en is tans na raming R2 000 (BTW ingesluit) (Maart 2022).
- 'n Fooi moet aan die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor betaal word vir die voorlegging van die versoek aan die Registrateur. Hierdie fooi word ook afgetrek van die



bedrag wat oorgedra gaan word en beloop tans R210 (Maart 2022). Hierdie fooie word van tyd tot tyd deur die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor hersien.

**20. Hoe weet ek hoeveel aftreekapitaal ek in enige stadium oorhet?**

Terwyl u 'n bydraende lid van die Fonds was, kon u via die Fonds se elektroniese portaal by [www.retirementfundweb.co.za](http://www.retirementfundweb.co.za) toegang tot die administrateur se stelsel verkry om die waarde van u fondskrediet op enige tydstip vas te stel. U kan dit steeds doen, d.w.s. die beweging in die waarde van u aftreekapitaal via die portaal nagaan, terwyl u u maandelikse pensioen uit die lewende annuïteit binne die Fonds ontvang.

Een maal per jaar ontvang u ook 'n staat van die fondsadministrateur wat die waarde van u aftreekapitaal op 'n bepaalde datum bevestig.

**21. Kan ek versoek dat die totale waarde van my belegging in die lewende annuïteit binne die Fonds in kontant uitbetaal word?**

Nee, wanneer u eers 'n lewende annuïteit binne die Fonds gekies het, kan u nie 'n kontantbetaling kies nie. Die Fondsreëls maak slegs voorsiening vir 'n kontantbetaling wanneer u fondskrediet tot onder 'n bepaalde bedrag daal. Dit is van toepassing op die **Trustees se Verstek-opsie** én die **Pasgemaakte opsie**. Hierdie reël is in ooreenstemming met inkomstebelastingwetgewing en word die *de minimis*-reël genoem, wat van toepassing is op die afkoping van pensioen wanneer 'n pensioen as 'n kontantenkelbedrag uitbetaal kan word.

**22. Sal ek 'n maandelikse pensioenstaat ontvang?**

Ja, 'n staat wat u maandelikse pensioen, fondsverwante aftrekkings ooreenkomstig die Fondsreëls, inkomstebelastingaftrekkings, ens. uiteensit, word aan u gestuur.

**23. Trek die Fonds my medieseskemabydraes of enige ander bydraes van my maandelikse pensioen af?**

Geen aftrekkings, behalwe dié wat in die Fondsreëls gespesifiseer word, word toegelaat nie. U sal met u bank moet reël om u mediese-skema-, versekerings- en ander maandelikse bydraes per debietorder van u bankrekening af te trek. Indien u na-aftredevoordele by die Stellenbosch Universiteit het, byvoorbeeld mediese fonds en groeplewensversekering, sal dit via 'n debietorder van Stellenbosch Universiteit afgetrek word.

**24. Wanneer verstryk die opsie om 'n lewende annuïtant binne die Fonds te word?**

Die opsie om 'n lewende annuïtant binne die Fonds te word, is by aftrede aan alle lede beskikbaar. Indien u kies om u aftrede uit die Fonds uit te stel en 'n uitgestelde afgetredene te word, kan u ook kies om 'n in-fonds lewende annuïtant te word wanneer u uiteindelik besluit om af te tree.

Indien u egter reeds gekies het om u aftreevoordeel in kontant te neem en/of gekies het om 'n pensioen buite die Fonds te koop, kan u nie later terugkeer om hierdie opsie uit te oefen nie. Die

besluit om aan die Fonds se lewende annuïteit deel te neem, moet deel uitmaak van die opdrag met betrekking tot die betaling van die voordeel by aftrede.

Soos reeds genoem, kan u besluit om u te eniger tyd in die toekoms aan die lewende annuïteit binne die Fonds te onttrek. Maar, u kan nie na die lewende annuïteit terugkeer nadat u die Fonds verlaat het en u voordele aan u uitbetaal is nie.

**25. Watter vorms van kommunikasie kan ek verwag om van die Fonds te ontvang?**

**Maandeliks**

U sal elke maand 'n pensioenstaat ontvang wat u bruto pensioen en tersaaklike aftrekkings aantoon.

**Jaarliks**

U sal een maal per jaar die volgende ontvang:

- 'n projeksiestaat
- 'n ontrekkings kommunikasie om u jaarlikse ontrekkingskoers te kies;
- 'n voordeelstaat wat u voordele uiteensit;
- 'n vertroulike begunstigdebeneoeming-vorm om in te vul.

Die Fonds hou u **nominasievorm** op rekord. Hierdie vorm bevat die name van u afhanklikes en begunstigdes en is 'n aanduiding aan die Trustees van hoe u voordele in geval van u dood toegedeel moet word.

**Van tyd tot tyd**

U kan ook verwag om ad hoc-kommunikasie oor beleggings te ontvang.

**Internet-toegang**

Ons moedig u aan om gereeld die Fonds se portaal te besoek om op hoogte van Fondsverwikkelling te bly: [www.retirementfundweb.co.za](http://www.retirementfundweb.co.za).

**26. Kan ek 'n finansiële adviseur aanstel om my met al my opsies behulpsaam te wees?**

Dit is nie verpligtend om 'n finansiële adviseur aan te stel nie, maar u kan dit doen as u wil.

U het twee opsies:

- U kan van 'n finansiële adviseur uit die Fonds se paneel van voorkeurdiensverskaffers gebruik maak. In dié geval word die adviesgeld beperk tot 50 basispunte (0,50% BTW ingesluit) per jaar van u bates. Die Fonds trek die geld van u kapitaal af en betaal dit aan u finansiële adviseur oor.
- U kan u eie finansiële adviseur aanstel. In dié geval sal die Fonds die adviesgeld, beperk tot 50 basispunte (0,50% BTW ingesluit) per jaar, van u bates aftrek en aan u finansiële adviseur oorbetaal.